Die/The
# FRONT

Verkiesingsblad van die Vryheidsfront • Election bulletin of the Freedom Front APRIL 1994

# Vryheidsfront groei konstant

Genl Constand Viljoen se besluit om aan die verkiesing deel te neem het oorweldigende positiewe reaksie uitgelok. Briewe en telefoonoproepe stroom steeds daagliks by die Vryheidsfront se kantore in, om genl Viljoen te bedank dat hy vir kiesers wat teen die ANC wil stem, 'n positiewe alternatief aanbied.

Nou kan kiesers wat instinkmatig aanvoel en weet dat teen die ANC gestem moet word, dit doen deur vir 'n opwindende nuwe krag in die Suid-Afrikaanse politiek te stem.

Die Sunday Times (10/4/94) skryf daaroor soos volg: *"As the Freedom Front campaign gathers momentum — and sheds any association with the neo-Nazi right-wing fringe — so do the crowds increase. Six hundred at the first meeting in Potchefstroom last week, twice that number in Vereeniging on Thursday. (Sunday Times, April 10 1994, p.4)*

Hierdie tendens klop ook met die reaksie wat die Vryheidsfront op sy advertensieveldtog ontvang.

Lesers kon 'n koepon instuur om steun en finansiële bydraes te maak. Uit onverwagte oorde is positief gereageer. Meer geld is ingesamel as wat 'n politieke party gewoonlik in maande insamel.


Daar was navrae van die buiteland en uit gebiede wat normaalweg nie die saak van selfbeskikking goedgesind is nie.

Binne die eerste week is 'n hoofkantoor en nege streekkantore geopen. Selfbeskikking en die beskerming van groepsbelange blyk meer mense aan te spreek as wat aanvanklik geglo is.

Die Vryheidsfront neem aan die verkiesing deel ten einde aan kiesers die geleentheid te bied om genoegsame steun vir selfbeskikking en 'n Volkstaat te bewys.

As dié geleentheid nie benut word nie, kan dit 'n groot terugslag wees vir mense wat glo dat die erkenning van selfbeskikking deel van die oplossing van SA se probleme is.

**Dr Pieter Mulder, voorsitter van die Vryheidsfront, sê hoekom hy in genl Constand Viljoen (foto) glo en hom steun. Dr Mulder is die VF se nommer twee-kandidaat vir die verkiesing.**



# *Steun ons Generaal*

"Ek steun genl Constand Viljoen omdat hy anders is. Hy is reguit, Hy is opreg in dit wat hy doen. Hy sou verkies om terug op sy plaas tussen sy beeste te wees.

"Ongeveer 'n jaar gelede is hy gevra om met sy kennis en ervaring na vore te tree, die plaas voorlopig te los, en met strategiese advies te kom help. Dit het ompraat gekos.

"Die jongmanne wat saam met hom in Angola was, moet gevra word wat hulle van hom dink. 'n Generaal wat nie gehuiwer het om saam met sy troepe valskerm te spring en in die voorste linies te baklei nie.

"Gedurende die geskiedkundige Operasie Smokeshell het die Ratel waarin hy was, 'n dubbele landmyn afgetrap. Hy is deur die toring geslinger.

"Ek vertrou hom omdat hy sterk en opreg is in wat hy doen. As 'n baie suksesvolle hoof van die weermag het hy homself bewys. Ons het sy kennis en ervaring nou nodig."

**VRAAG: Is dit sy kennis van oorlog wat julle nou nodig het?**

"As daar iemand is wat weet hoe lyk oorlog, dan is dit genl Constand Viljoen. Hy het dit persoonlik ervaar. As hy dan verkies om eers die pad van gesprek en onderhandeling te volg, dan ondersteun ek hom daarin."

**VRAAG: Dink julle julle kan die ANC in die komende verkiesing wen of keer dat hulle 'n twee derde meerderheid kry?**

"As ons stemme keer dat die ANC 'n twee derde meerderheid kry, is dit 'n bonus.

"Dit is nie die rede waarom ons aan die verkiesing deelneem nie. Ons glo dat selfbeskikking vir die volke wat dit wil hê, baie belangrik is. Ons mense wil dit ook hê.

Die grondwet is in Maart so verander dat selfbeskikking moontlik word, as daar genoegsame steun in 'n gemeenskap daarvoor is.

Ons neem deel om ons mense geleentheid te gee om te bewys dat daar wel genoegsame steun daarvoor is.

Daarom sê ek -- **stem vir Viljoen, Veiligheid en die Vryheidsfront."**

# Hoekom jy móét stem

**Dr Pieter Mulder**

Afrikaners is met rede bekommerd oor die nuwe Suid-Afrika en 'n ANC regering.

Mnr. FW de Klerk bied aan die Afrikaner as troos 'n menseregte akte en grondwetlike verskansings. Die Afrikaner weet uit Afrika se geskiedenis dat die risiko's baie hoog is om daarop te vertrou.

Vir bykans 'n jaar is daar probeer om deur onderhandeling, druk, verset en geweld 'n Volkstaat voor 27 April, as deel van die oplossing van SA te probleme, te bekom.

Vanweë die NP en ANC se geheime samewerking agter die skerms, is dit tot nou nog nie verkry nie. Daar is enkele dae oor voor die verkiesing.

As selfbeskikking en 'n Volkstaat voor 27 April verkry moet word, moet dit nou gebeur. As hiermee geslaag word, is verdere deelname aan die verkiesing onnodig en kan onttrek word. As dit egter nie slaag nie en ons neem ook nie aan die verkiesing deel nie, is Volkstaat Afrikaners na die verkiesing in die politieke woestyn sonder 'n Volkstaat.

Dan bly geweld en verset sonder politieke inspraak oor. Dit kan 'n 40 jaar proses word.

### Dubbele strategie

Nou word ons voor die verkiesing tot 'n dubbele strategie geforseer. Met druk en verset alleen sal 'n Volkstaat nie verkry word nie. Met net politieke en grondwetlike deelname sal 'n Volkstaat ook nie verkry word nie.

Dit moet 'n kombinasie van altwee wees. 'n Studie van lande soos Israel en Eritrea, wat geslaag het met die verkryging van 'n eie staat, wys dat dit slegs met 'n kombinasie van politieke en ander drukmetodes verkry kan word. Ons glo dat elke metode wat jou nader aan 'n Volkstaat kan bring, gebruik moet word.

### Voorwaardelike deelname

Ons standpunt is dat dit vir die Vryheidsfront geen doel sou dien om onvoorwaardelik aan die April verkiesing deel te neem nie. Jou stemme sal net eenvoudig verswelg word deur die ANC-stemme. Wat wel die Afrikaner nader aan 'n Volkstaat kan bring, sou wees om 'n geleentheid te benut waar Afrikaners met hulle stemme kan aantoon hoeveel ten gunste van 'n Volkstaat is. Die regering weier so 'n volkstemming voor 27 April.



Dr Mulder

### Bewys van steun

Die enigste alternatief wat ons aangebied word is om in die verkiesing te stem maar vir 'n Volkstaat. Volgens die grondwet word alle Vryheidsfront stemme dan as bewys van steun vir 'n Volkstaat beskou. Dit is 'n bitter pil waarheen jy nou geforseer word, maar geen alternatief word deur kritici aangebied nie.

Die grondwetwysigings maak dit verder moontlik dat met die tweede stembrief aangetoon kan word watter stemdistrikte se mense ten gunste van 'n Volkstaat is. Dit help met die afbakening van 'n Volkstaat en gee aan mense wat buite die Volkstaat in die nuwe SA val, die moontlikheid om 'n groot mate van selfbeskikking in hulle gemeenskap te bekom.

### Volkstaatraad

Dit lei ook tot die verkiesing van 'n Volkstaatraad wat as enigste taak het die daarstelling van 'n Volkstaat. As hierdie geleentheid nie benut word nie, tree die Volkstaatraad en die ander wysigings aan die grondwet nie in werking nie.

### Na die verkiesing

Die argument sal ook deur die ANC gebruik word dat die geleentheid wat geskep is om steun vir 'n Volkstaat te bewys, nie gebruik is nie en dat daaruit afgelei moet word dat daar nie genoegsame steun daarvoor is nie.

Met steun wat by die stembus vir 'n Volkstaat bewys is, en 'n Volkstaatraad is daar niks wat jou verhoed om steeds ander opsies deur te voer nie. Jy sal net uit 'n propaganda-oogpunt op baie hoër morele grond en in 'n sterker posisie wees.

Almal wat glo dat 'n Volkstaat en selfbeskikking deel is van die oplossing vir SA se probleme, moet nou die Vryheidsfront steun.

Vir wie om te stem? 2
Quotable Quotes 2
Volkstaatraad 3
You dare not vote NP 3
Ons eie kandidate 4

## WET EN ORDE

Op 2 Feb. 1990 ontban pres FW de Klerk die Kommuniste, maar sê ook die volgende: "..ek wil beklemtoon dat die handhawing van wet en orde nie in die gedrang durf kom nie. Die Regering sal sy plig in hierdie verband nie versaak nie. Geweld uit watter oord ookal, sal met alle mag bestry word." *(Hansard Vrydag 2 Feb. 1990, kol 14)*

**Wat sê die feite egter vir die tydperk 1 Jan 1990 - 22 Julie 1993?**

1 Private motors vernietig - **5 931**
2 Busse vernietig - **1 042**
3 SAP voertuie vernietig - **2 810**
4 Private huise vernietig - **5 270**
5 SAP huise vernietig - **501**
6 Skole afgebrand - **504**
7 Winkels & fabrieke vernietig **896**

Die Opposisie voorspel 9 Feb 1990, na die ontbanning van die Kommuniste, dat 'n mag-stryd in SA gaan ontwikkel wat die land met geweld aan die brand gaan steek.

**Hierop antwoord mnr. FW de Klerk soos volg:**
"Ek kyk die agb Leier van die Amptelike Opposisie vierkant in die oë, en ek sê reguit en onomwonde vir hom die NP - ek en die Regering - sal nie toelaat dat enigiemand of enige party hierdie land aan die brand steek nie." *Hansard, kol 411, 1990.*

Tans word in een jaar meer mense in SA in politieke geweld doodgemaak as wat in 30 jaar in die totale stryd in Noord-Ierland dood gemaak is.

Die regering het in sy hantering van die Kommunistiese Party weer eens die politiek verkeerd gelees.

Jy hanteer nie rewolusionêres asof hulle 'n parlementêre tipe is nie.

**Vertrou die Vryheidspfront om wet en orde in ons land te herstel.**

# Vir wie moet ek stem?

## VRYHEIDSFRONT, NP of ANC

**Wie het die beste gevaar in die onderhandelinge?**
In die onderhandelinge het die ANC telkens sy sin gekry teenoor die NP. Oor onderwerpe soos die besluitneming in die kabinet, federasie en die permanente verskansing van Afrikaans as amptelike taal, het die NP totaal gaan lê.

Joe Slovo het met verbasing daarna verwys as "a total collapse". Daar was nie een geval waar die NP saam met Inkatha of ander Vryheidsalliansiepartye gestaan het teen die ANC nie. Dit was telkens die ANC/NP-alliansie wat saamgestaan het teen Inkatha en die ander Vryheidsalliansie-partye.

**Kan daar dan afgelei word dat die ANC en die NP na die sogenaamde Record of Understanding in 'n tipe alliansie met mekaar is?**
Ja. Telkens as daar probleme in die onderhandeling was, het hulle met gesamentlike voorstelle gekom. Hierdie voorstelle is dan met genoegsame konsensus deurgevoer, ongeag die standpunt van al die ander partye in die onderhandelinge.

**Wat is die verskil tussen Bop en Ciskei aan die een kant en Venda en Transkei aan die ander kant?**
Venda en Transkei gaan voort soos altyd en is vir die ANC aanvaarbaar omdat hul leiers die ANC steun. Bop en Ciskei is tot niet. Ciskei het aan die oorgangsraad deelgeneem en het 'n politieke party gestig om aan die verkiesing deel te neem. Dit was nie genoeg nie.

Die ANC destabiliseer die lande wat hom pas en laat die ander wat hom ondersteun, met rus. Die SA weermag is telkens opdrag gegee om hierdie ANC-plan af te handel deur militêr in hierdie lande in te gryp, nadat die ANC met anargie van die bestaande staatshoofde ontslae geraak het. Die vraag is nou of die NP en die ANC werklik politieke opponente, is of geheime alliansievennote?

**As 'n kieser teen die ANC wil stem, is dit nie beter om vir die NP as vir die Vryheidsfront te stem nie?**

As die NP-leiers nie die ANC in toom kon hou of kon keer terwyl hulle die regering van die dag was nie, hoe sal hulle dit as 'n gediskrediteerde opposisie kan regkry!

Die NP is die laaste party wat gebruik kan word om as teenwig teen die ANC te dien. Die geskiedenis het gewys dat 'n goeie opposisie nie bepaal word deur die getalle van die opposisie nie, maar wel deur die gehalte van sy lede.

Met ander woorde: hoeveel weerstand kan hulle bied teen die regering van die dag? Helen Suzman se jarelange stryd bewys hierdie stelling. Vertrou die Vryheidsfront as jy teen die ANC wil stem.

Volgens die stelsel van proporsionaliteit is daar nie net een opposisieparty in die Parlement nie, maar vorm al die partye saam die opposisie.

# Volkstaat: kwelvrae

**Hoekom in hierdie moderne tye 'n Volkstaat?**
Selfbeskikking is juis die modernste tendens van die jare negentig. Omdat die volke van die voormalige Sowjet Unie nie toegelaat is om hulleself te regeer nie het dit gelei daartoe dat die land uitmekaar gespat het.

**Wie gaan die inwoners van die Volkstaat se pensioene betaal as hulle afstig van SA?**
Die Volkstaat gaan tot stand kom d.m.v. 'n internasionaal erkende onderhandelde skikking. Deel hiervan sal wees om die nodige reëlings te tref t.o.v pensioene. Dit was die werkswyse by alle state wat op hierdie wyse tot stand gekom het.

**Hoe gaan die Volkstaat internasionale boikotte oorleef?**
Die Volkstaat gaan nie as 'n konflik model tot stand kom nie. *Na bl 4*




## QUOTABLE QUOTES

"Die gety van geweld is verby."
*FW de Klerk, Parlement 2 Februarie 1990*

* * * * * * *

Oor magsdeling sê Nelson Mandela vir die Zimbabwe Broadcasting Corporation: "I don't even know what it means."
*Pretoria news, 5/11/91*

* * * * * * *

*Joe Slovo oor onderhandelinge en die NP:*
"Negotiations - a mass victory."
"We got pretty much what we wanted."
"Everything in the interim constitution can be rewritten."
*(The African Communist Forth Quarter 1993)*

* * * * * * *

LESSON FROM HISTORY?
In 1909, Prime Minister of Natal FR Moor returned victorious from the National Convention, where he had gone to fight the good fight for federalism in the proposed Union of South Africa. He assured the Natal colonial legislature that he had secured federalism - in the form of provincial councils:
"Our central Parliament would not dare to interfere with these provincial rights."

But the National Party treated the provinces as nothing more than handmaidens charged with carrying out the will of the central government - and in 1983 Parliament abolished them entirely. Why shall the ANC be different?

* * * * * * *

DOUBLE STRATEGY.
Chris Hani: "We must be firm in principle and flexible in tactics - the principle remains the transfer of power to the SACP/ANC alliance, while flexibility in tactics means the simultaneous use in varying degrees, of both talking and fighting."
*Special Report MK June 1991.*
Can we learn from this double strategy?

* * * * * * *

"The need to do justice to all, does not only mean being just to the black man of Africa but also being just to the white man of Africa."
*(Dr. HF Verwoerd, 3 Feb 1960)*

# Die Christen en die verkiesing

**Hoe kan ons as Christene ons deelname aan die komende verkiesing regverdig? Gee ons nie daarmee legitimiteit of erkenning aan 'n "ateïstiese, kommunistiese" grondwetlike bestel nie?**

Die oorgangsgrondwet is ver van ons ideaal. Natuurlik is ons saam met talle Christene in ons land besorgd oor die sterk invloed wat deur die kommuniste binne die ANC uitgeoefen word. Ons moet egter nugter bly in ons oordeel.

Ons deelname aan die verkiesing is nie om die kommunisme op enige manier te legitimeer nie, maar juis om hom ook op die politieke speel-veld te beveg.

Doen ons dit nie, versuim ons juis ons Christelike plig.

**WAT IS DIE ALTERNATIEF?**
**Wat sou die alternatief wees vir deelname aan die verkiesing?**
Die alternatief is 'n verkiesingsboikot en 'n daaropvolgende verwerping van die verkiesingsuitslag wat byna onvermydelik uitloop op gewelddadige opstand.

Vir ons as Christene wat erns maak met Bybelgedeeltes soos Romeine 13 en I Petrus 2:12-17 mag geweld egter slegs 'n allerlaaste uitweg wees wanneer <u>alle</u> ander vreedsame middele sonder sukses gebruik is.

Ons sou ons gewete geweld aandoen as ons sou beweer dat alle vreedsame middele in hierdie stadium reeds beproef is.

**GOD SE WAPENRUSTING**
**Paulus moes self onder moeilike omstandighede sy Christelike getuienis uitleef. Hy moes aanskou hoedat die Christelike kerk al hoe meer vervolg word en het self in die tronk geland.**

Tog roep hy die gelowiges in Efesiërs 6 nie op tot wapengeweld nie, maar tot die opneem van andersoortige "wapens" — die volle wapenrusting van God.

As ons mooi kyk na wat Paulus in daardie gedeelte sê, dan bestaan God se wapenrusting uit niks anders nie as 'n gehoorsame Christelike lewe.

Dit, sê Paulus, is hoe ons die "bose magte in die lug" oorwin: deur as gelowiges 'n Christelike lewe te ly.

**CHRISTEN SE OPDRAG**
Die Christen se opdrag is om sout en lig vir die wêreld te wees. Dit beteken dat ons elke geleentheid moet benut om teenoor die wêreld te getuig van die evangelie van Jesus Christus.

As ons nie sou deelneem aan die verkiesing nie, sou ons 'n getuienisgeleentheid laat verbygaan en ons lamp onder die maatemmer wegsteek.

Die vraag is nie of ons mag deelneem nie, maar eerder of ons kan bekostig om nie deel te neem nie.

*TEOLOOG*

IN THIS GENERAL ELECTION THERE IS ONLY ONE GENERAL TO VOTE FOR:
*General Viljoen*

# Beginsel 34 en die Volkstaatraad

Grondwetlike beginsel 34 en die Volkstaatraad is twee belangrike meganismes wat die Vryheidsfront en sy duisende ondersteuners nader aan die verwesentliking van Vryheidsfront-ideale sal bring.

Anders as wat met die onlangse verkiesings in Rhodesië, S.W.A. en Angola gebeur het, het genl Viljoen en sy onderhandelaars daarin geslaag om 'n deur vir voortgesette etniese politiek in SA in die interim-grondwet, oop te forseer.

### DEURBRAAK

Hierdie deurbraak is na maande se strawwe onderhandelinge onder baie moeilike omstandighede bereik.

Toe die interim-grondwet in Desember 1993 deur die Parlement aanvaar is, was die NP tevrede daarmee dat daar nie vir selfbeskikking voorsiening gemaak is nie.

Dit was genl Viljoen se voortgesette druk en uithouvermoë wat tot gevolg gehad het daar nou wel vir selfbeskikking in die interim-grondwet voorsiening gemaak word, alhoewel dit nie presies is soos wat die Vryheidsfront dit sou wou gehad het nie.

### BEGINSEL OOR SELFBESKIKKING

Skedule 4 van die interim-grondwet wat die grondwetlike beginsels vervat waaraan die finale grondwet gebonde sal wees, is in Maart 1994 ingrypend verbeter met beginsel 34 wat net oor selfbeskikking handel.

Hierdie beginsel bepaal soos volg:

1. Hierdie Bylae en die erkenning daarin van die reg van die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel op selfbeskikking, word nie uitgelê as sou dit grondwetlike voorsiening, binne die raamwerk van bedoelde reg, belet vir 'n konsep van die reg op selfbeskikking deur enige gemeenskap wat 'n gemeenskaplike kulturele en taalerfenis deel nie, hetsy in 'n territoriale entiteit binne die Republiek of op enige ander erkende wyse.

2. Die Grondwet kan uitdrukking gee aan enige bepaalde vorm van selfbeskikking mits daar wesenlike bewese steun binne die betrokke gemeenskap vir so 'n vorm van selfbeskikking is.

3. Indien 'n territoriale entiteit bedoel in paragraaf 1 ingevolge hierdie Grondwet ingestel word voordat die nuwe konstitusionele teks aangeneem is, moet die nuwe Grondwet die voortsetting van so 'n territoriale entiteit met inbegrip van sy strukture, bevoegdhede en werksaamhede, verskans.

### BEWYS VAN VOLDOENDE STEUN

As 'n eerste stap op die pad na die herwinning van ons vryheid in 'n eie vaderland is dit absoluut noodsaaklik dat ons as 'n gemeenskap, gebind deur 'n gemeenskaplike kulturele en taalerfenis, nou wesenlike steun bewys vir die ware en volle selfbeskikking wat die Vryheidsfront vir ons volk nastreef. Sodoende sal ons voldoen aan die bepalings van beginsel 34 van die interim-grondwet.

Dit sal ons in staat stel om die eerste tree te gee na die verkryging van ons groot ideaal.

Daarom moet ons die geleentheid wat 27 April ons bied, ten volle gebruik.

### VOLKSTAATRAAD

Genl Viljoen en sy onderhandelaars het ook daarin geslaag om die interim-grondwet te laat wysig om voorsiening te maak vir die instelling van 'n statutêre liggaam wat bekend sal staan as die Volkstaatraad.

Hierdie liggaam sal uit 20 lede bestaan en word volledig omskryf in artikels 184A en 184B van die interim-grondwet.

Die doel van die Volkstaatraad sal wees om as 'n grondwetlike meganisme te dien ten einde die Vryheidsfront in staat te stel om die instelling van 'n Volkstaat grondwetlik na te streef en te help verwesenlik.

Die bevoegdhede van die Volkstaatraad is daarom van wesenlike belang.

Hierdie Raad sal bevoeg wees om inligting met betrekking tot moontlike grense, bevoegdhede en werksaamhede en wetgewende, uitvoerende en ander strukture van so 'n Volkstaat, sowel as sy grondwetlike verhouding met die regering op nasionale en provinsiale vlak in te win, te verwerk en beskikbaar te stel.




## Dangers of communism

*"The year 1989 will be known in history as the year in which communism died." FW de Klerk. Parliament 2 Feb 1990*

**NP rediscovers "communism"**

The NP has rediscovered the term "Communism", focusing much of its campaign on "stopping the communists" and even called a Press conference to point out the number of SA Communist Party members on the ANC's candidate list.

It is ironic that the NP should show this sudden concern, when up to quite recently it ridiculed those parties and individuals who warned of the threat of Communism.

Furthermore, the NP government showed that it could or would not stop the communists when it was in power. As a future opposition party, how can the NP now stop the ANC/SACP alliance when it is no longer the government, after the election? I'll rather vote for the Freedom Front and get quality opposition.

**Strategy**

It is revolutionary strategy to create a crises deliberately in opposing "homelands" and thereafter also provide the so-called "solution". In these cases they used MK to destabilise these areas and thereafter the NP-government and the SADF to secure the downfall of the ANC's political opponents in the name of "law and order".

Are the NP-leaders opponents of the ANC or secret Alliance partners?

## TEN REASONS WHY YOU DARE NOT VOTE NP

1. The NP leaders have lied repeatedly over the last decade and has broken every referendum promise.

*2. The NP leaders, as the SA government, could not stop the ANC/SA Communist Party alliance. How can they say that they will be able to stop them after the election?*

3. The NP leaders persecutes its own security forces, whilst the ANC's MK and the PAC's APLA continue to openly kill people for their ethnic origin and/or political beliefs. SA has become one of the most violent countries, whilst our once proud SAP and SADF are both being destroyed politically.

*4. A vote for the NP is a vote for a flawed constitution, which will bring about an autocratic system.*

5. The NP negotiators bowed to the ANC and accepted the interim constitution in its original form in December 1993. Only pressure from the Freedom Alliance, managed to push for last minute constitutional improvements in March 1994.

*6. The NP leaders have a history of betraying its allies eg. Rhodesia, SWA, UNITA, RENAMO, 32 Bn. 31 Bn, Moderate blacks in SA, Bophuthatswana, Ciskei, KwaZulu and the Inkatha Freedom Party.*


7. The NP leaders have accepted an outdated unitary state dispensation, whilst it claims to have negotiated a "federation". This is political fraud on such a level that it was described as a "sell-out." The London Sunday Times has described the constitution as a "Monster". In another article 3/4/94 the same Newspaper accused the NP and ANC of "political fraud."

*8. The NP leaders refuse to accept the right to self-determination, although the consequences of ignoring nationalism and ethnic realities can be seen in conflicts throughout the world.*

9. The NP leaders bow to pressure and intimidation. At the World Trade Centre the ANC walked out and made 14 demands, reinforced through "Mass action". The NP negotiators gave in to every single demand. When other parties have demands, the NP leaders shrug them off as "spoilers".

*10. The NP leaders address the symptoms of our country's problems, rather than the causes.*

**As die NP nie in staat was om die ANC/SAKP in toom te hou toe hulle die Regering met alle mag was nie, welke kans sal hulle nou hê om as 'n gediskrediteerde opposisie enige hond haar af te maak? DIT LAAT 'N MENS DINK, NÉ!**




**FINANCE AND TAXATION:**

(i) We are committed to a free-market system and the right to private ownership
(ii) We reject socialism, communism, monopolies and state intervention in private enterprise.
(iii) We will strive to increase foreign investment to create more jobs, broaden the tax base and reduce the number of people who are a welfare burden on the state so that personal income tax can be reduced.

**COMMERCE AND INDUSTRY:**

We will strive:
(i) to minimise the role of the state in the economy;
(ii) to abolish affirmative action practices and re-establish merit as the sole criterion in the workplace.

**AGRICULTURE:**

We recognise the need for a stable farming community within the framework of private ownership.



'n Groot groep van die Vryheidsfront se kandidate wat onlangs 'n kandidate-konferensie in Pretoria bygewoon het.

# Gedugte span: ons kandidate

Na die bekendmaking van die Vryheidsfront se kandidate het die media hul verbasing uitgespreek dat die Vryheidsfront in staat was om in so 'n kort tydjie sulke uitstaande mense te kon benoem.

Hulle vorm voorwaar 'n gedugte span. Die kandidate verteenwoordig kundigheid en ervaring oor 'n breë front.

### GENERAALS EN VEILIGHEIDSMAGTE

Die generaals wat genl Viljoen gesteun het, het almal hul steun aan die Vryheidsfront toegesê. Genl Constand Viljoen as leier van die Vryheidsfront is die Front se nommer een-kandidaat, terwyl genl Cobus Visser, voormalige speurhoof van SA, ook benoem is.

Genl Tienie Groenewald en gen Bischoff wou nie kandidate wees nie, maar tree op in 'n adviserende hoedanigheid.

Genl Leon Mellet, nog onlangs aan die Polisie verbonde, is ook benoem.

Wat politici betref is daar lede uit die KP, die Volksfront, die AVU en die NP. Dit sluit in 10 lede wat voor-heen lid van die KP koukus was.

### POLITICI

Onder hierdie KP-lede is **mnr Carl Werth**, voormalige leier van die KP in Natal; **mnr Abrie Oost-huizen**, voormalige leier van die KP in die Vrystaat; **dr Pieter Mulder**, voormalige onder-leier van die KP in Transvaal en **mnr Willie Botha**, voormalige onder-leier van die KP in die Kaap. **adv Moolman Mentz**, Volksfrontlid en voormalige voorsitter van die Afrikaner Volksunie en adv **Rosier de Ville** Parlementslid van Standerton, is ook onder die kandidate.

Uit die NP geledere is **mnr Roger Whiteley** wat 'n NP-LUK in Natal was 'n kandidaat. **Dr. Willie Grobler**, vorige NP Parlementslid vir Springs asook **mnr Jan van Ee-den**, wat 15 Jaar lank as NP-LPR gedien het, is ook onder die kandi-date.

### BUITELANDSE SAKE

'n Interessante benoeming as kandidaat is **mnr Christo Landman**. Mnr Landman het baie jare ervaring in die buiteland as inligtingsman en lid van die Departement Buitelandse Sake. Ten tye van sy benoeming was hy hoof van die SA buitelandse misie in Berlyn.

### PLAASLIKE BESTUUR

Aangesien plaaslike bestuur in die toekoms so belangrik gaan wees, het die Vryheidsfront 'n groot aantal kandidate met plaaslike bestuurservaring ingesluit in sy kandidatelys. Dit sluit huidige en voormalige burgemeesters asook lede van dorpe se bestuurskomitees in.

Slegs enkele name: **dr Willie Botha**, Parlementslid en voormalige burgemeester Pietersburg; **mnr Pieter Groenewald**, Parlementslid en voormalige burgemeester Stilfontein; **mnr Abrie Oosthuizen**, Parlementslid en ook voormalige stadsklerk; **adv GS Mulder**, huidige burgemeester Krugersdorp; **mnr Lindeque van Zyl** burgemeester Middelburg; **mev A. Oelofse**, was burgemeester Secunda; **mnr JB Haarhoff**, Burgemeester: Nylstroom; **mnr PC Scheepers**, voormalige burgemeester: Nylstroom en tans lid van bestuurskomitee; **mnr Pieter Botha**, onder-burgemeester: Louis Trichardt; **mnr Hans Nel**, onder-burgemeester Lichtenburg; **mnr Duncan du Bois**, stadsraadslid Durban; **mnr Daan van Staden**, stadsraadslid Sasolburg; **mnr SC Odendaal**, voorheen stadsraadslid Bethelehem; stadsraads-lede **LSD Van Deventer**, Klerks-dorp; **HJ Fourie**, Stilfontein; **Hen-drik Mentz**, ondervoorsitter van die bestuurskomitee: Ermelo; **mnr Wessel Cronje**, voorsitter van die Krugersdorpse Bestuurskomitee; **mnr JF Coertzen**, vorige stadsklerk Secunda; e.a.

### AKADEMICI

As oud-akademici is **prof. Carel Boshoff** in die Noord Kaap benoem, asook **prof Josef Henning** en **prof Nic Wessels**. **Dr Tjaart van der Walt** was 'n dosent aan UNISA, **dr Tobie Hart** was 'n dosent aan die Pretoriase Technikon en **dr Pieter Mulder** was 'n professor aan die Potchefstroomse Universiteit. **Dr Corne Mulder** se doktorale studie was in die regte met spesifieke toepassing op grondwette. Verskeie advokate (waaronder 'n senior advokaat), prokureurs, sakemanne en ander professionele mense is ook benoem.

### VROUE

'n Groot aantal vroue is as kandidate benoem. **Mev Eleanor Lombaard** is die nommer een-kandidaat van die Vryheidsfront in die Wes-Kaap terwyl **mev Kobie Gouws** nommer drie in die Vrystaat is. Die vrouekandidate sluit o.a in **mevv Magriet Torlage, Sharon Jordaan** en **San Fourie** wat in Natal benoem is, **adv GS Mulder** in die PWV gebied en **mev A Oelofse** in die Oos-Transvaal.

## Volkstaat: kwelvrae

**Van bl 2**

Daar bestaan geen rede hoekom daar boikotte teen die volkstaat sal wees nie.

**Gaan die wêreld aanvaar dat apartheid in 'n deel van SA voortgesit word?**

Die Volkstaat het net so min met apartheid te doen as wat die totstandkoming van Duitsland, Frankryk of Italië daarmee te doen het. Ons gaan 'n moderne tuiste en sekuriteit vir ons mense skep.

**Wat sal van kragvoorsiening, watervoorsiening en telefoondienste word in 'n volkstaat?**

As 'n Volkstaat vreedsaam tot stand kan kom sal daar geen probleme hier mee wees nie.

Ons glo in politieke onafhanklikheid maar ekonomiese interafhanklikheid. Dit geld vir Lesotho en ander state in Suider Afrika.

**Wat word van ons mense wat buite die Volkstaat val?**

Baie Israelis woon buite Israel maar is deur burgerskap aan Israel verbind. Die Vryheidsfront beoog om die maksimum vir ons mense buite die Volkstaat te beding. Dit sal gemeenskaps- en kultuurrade kan insluit en 'n naelstring-verbinding met die Volkstaat wat sal meebring dat hul belange ook aandag geniet.

Streekkantore: Oos-Transvaal (01341) 91137, Noordwes (018) 4841086, Noord-Kaap (053202) 878, Oos-Kaap (041) 9926133, Wes-Kaap (021) 5531656, OVS (051) 301685/6, Noord-Transvaal (0152) 2938060, PWV (012) 474450, Natal (031) 2060769.
*Knip uit en stuur aan: Posbus 74693, Lynnwoodrif 0040 of faks aan: (012) 474387*

Naam: ..................................................
Adres: ..................................................
..................................................
Tel: ..................................................

**Ek is bereid om:**
- Hulp te verleen ☐
- 'n finansiële bydrae maak ☐
- Ek verlang verdere inligting ☐

Vryheidsfront Tel nr.: (012) 474477/474375
Rekeningnommer: Volkskasbank Lynnwoodrif 1630-140-222
Standard Bank Lynnwoodrif r01-338-840-1

FREEDOM FRONT
VRYHEIDSFRONT



Opgestel en uitgereik deur: Die Vryheidsfront, Dr Pieter Mulder, Posbus 74693, Lynnwoodrif, 0040. Gedruk deur Hoofstadpers